

BEERTJIEPAK

MET MUS EN SERP

BENODIGDHEDE: Fiesta Pullskein (100-g-uittrekstringe); 200 g beige (B); 200 g geel (G); 20 g ligpienk (P); 20 g bruin (Br); een paar elk breinaalde van 3 mm en 4 mm; 2 knopies vir truitjie, 2 effens groter knope vir skouerbrokekie.

MATE: Om kleuter van 1½ tot 2 jaar oud te pas.

SPANNING: 20 ste en 28 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 4-mm-breinaalde.

AFKORTINGS: Breiwerk: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); oorbl - oorblywende; ks - koussteek; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; alt - alternatiewe; vlg - volgende; rif - riffelsteek (= een regs, een aweregs, 1/1, of twee regs, twee aweregs, 2/2, soos aangedui); oks - omgekeerde koussteek; weersk - weerskante. Borduurwerk: stamsteek, vulsteek, worssteek.

TRUITJIE

AGTERPANT: Met B en 3-mm-breinaalde stel 72 ste op en brei 3 cm 2/2-rif.

Slaan oor na 4-mm-breinaalde en ks, brei voort tot werk 20 cm lank is vanaf begin.

Mousgatvorming: Heg aan weersk van elke alt ry een keer 4 ste af, dan een keer 2 ste, dan een keer 1 st.

Brei reguit voort tot werk 33 cm lank is vanaf begin.

Skouer- en halsvorming: Heg aan regterkant van werk 42 ste af.

Slaan oor na 3-mm-breinaalde en brei voort op oorbl 16 ste vir linkerskouer; brei 2 cm 2/2-rif.

Heg al die ste in vlg ry af.

VOORPANT: Soos agterpant tot werk 24 cm lank is vanaf begin.

Brei nou 2 rye P, 2 rye B en 2 rye G. Brei voort met B tot werk 27 cm lank is vanaf begin.

Halsvorming: Heg middelste 18 ste af en brei skouers afsonderlik. Vermin 1 st aan halsrand elke alt ry, 4 keer.

Brei voort tot werk 33 cm lank is vanaf begin, slaan oor na 3-mm-breinaalde en 2/2-rif, brei 1 cm, maak in vlg ry 2 knoopsgate, die eerste knoopsgat 1 st vanaf halsrand, en tweede 6 ste vanaf mousgatrand vir skouer.

Brei nog 1 cm en heg al die ste af.

MOUE: Met B, en 3-mm-breinaalde stel 44 ste op en brei 4 cm 2/2-rif.

Slaan oor na 4-mm-breinaalde en brei ks tot werk 6 cm lank is vanaf begin.

Brei dan 2 rye P, 2 rye B, 2 rye G.

Slaan oor na B en brei voort met B, vermeer weersk 1 st elke 3 cm, 5 keer.

Brei voort tot werk 24 cm lank is vanaf begin.

Moukopvorming: Heg 4 ste af aan beg van vlg 2 rye, heg daarna 2 ste af aan beg van daaropvlg 2 rye; vermin 1 st aan weersk van daaropvlg 8 alt rye; vermin dan 2 ste aan weersk in alt rye, 3 keer; heg al die ste in daaropvlg ry af.

AFWERKING: Werk nate toe. Met B en 3-mm-breinaalde tel steke van halsrand op en brei 2 cm 2/2-rif. Heg af. Werk knope aan linkerskouer van agterpant vas.

SKOUERBROEKIE

AGTERPANT: Met G en 3-mm-breinaalde stel 34 ste op vir eerste broekspyp en brei 4 cm 2/2-rif.

Slaan oor na 4-mm-breinaalde en brei oks tot werk 29 cm lank is vanaf begin.

Plaas ste op 'n reserwenaald.

Brei 'n tweede broekspyp op dieselfde manier.

Brei ste op breinaald, stel 8 ste op vir kruis en brei steke van reserwenaald af op dieselfde breinaald.

Vermin 1 st aan weersk van kruis-ste in elke alt ry, 4 keer.

Brei dan reguit voort tot werk 48 cm lank is vanaf begin (gemeet oor syrand).

Mousgatvorming: Heg 4 ste af aan beg van vlg 2 rye, heg dan 2 ste af aan beg van daaropvlg 6 rye, vermin 1 st aan weersk van 4 daaropvlg alt rye.

Brei voort tot werk 28 cm lank is vanaf beg, gemeet oor syrand, slaan oor na 3-mm-breinaalde en brei 1 cm 2/2-rif.

Heg al die ste af.

VOORPANT: Soos agterpant.

SAK OP BORSSTUK: Met B en 4-mm-breinaalde stel 30 ste op en brei ks, vermeer aan weersk 1 st elke alt ry, 5 keer.

Brei reguit voort tot werk 14 cm lank is vanaf begin, plaas 10 ste aan weersk op stekehouers.

Brei voort op die 10 middelste ste, brei 1 ry aw aan regte kant van werk om voulyn aan te dui, brei dan weer 1 cm ks.

Heg al die ste af.

Tel ste van stekehouer aan regterkant op, brei tot werk 15 cm lank is vanaf beg, brei dan 'n knoopsgat, wat 2 steke breed is, in middel.

Vermin **terselfdertyd** aan weersk 1 st elke alt ry 3 keer, heg oorbl ste af.

Brei linkerkant om ooreen te stem.

SKOUERBANDE: Met geel en 3-mm-breinaalde stel 64 ste op en brei 2 cm 2/2-rif.

Heg al die steke af.

AFWERKING: Werk nate toe. Met G en 3-mm-breinaalde tel ste rondom armsgat op en brei 1 cm 2/2-rif. Heg al die steke af.

Borduur op sak volgens diagram, met vulsteek vir oë stamsteek vir snor en worssteek (met bruin) vir sproete op wange.

Borduur bek met pienk in duplikaatsteek.

Vou sak met voulyn langs en werk gevoude deel vas.

Werk sak dan aan borsstuk vas soos op foto gesien kan word.

SERP

Met geel en 4-mm-breinaalde stel 21 ste op en brei ks, vermeer aan weersk 1 st elke alt ry 6 keer. Plaas dié ste op 'n reserwenaald.

Brei 'n tweede helfte op dieselfde manier. Plaas steke van albei helftes op een breinaald en brei 100 cm reguit. Plaas al die ste op 'n reserwenaald.

AFWERKING: Borduur met vulsteek, stamsteek, duplikaatsteek en worssteek 'n kop op voorste deel, raadpleeg diagram.

Vou serp oorlangs dubbel met verkeerde kante na buite, werk smal, geronde kant asook lang kant toe. Dop serp om en werk tweede kort kant met duplikaatsteek toe. ●

